UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
30 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

I.M.S.

Vol. I, No. 8

MUNISIPALITEIT **MUNICIPALITY**

STELLENBOSCH

Burgemeesterskantoor,
19 Februarie 1960.

Welkom op Stellenbosch

Graag wil ek hierdie week van die geleentheid gebruik maak om, op die vooraand van die heropening van die Universiteit, 'n hartlike woord van welkom te rig aan alle studente wat na Stellenbosch gekom het om hulle studies hier voort te sit. Ek dink in die eerste plek aan hulle wat vir die eerste keer met die Eikestad kennis maak, maar wil graag ook diegene wat reeds verlede jaar hier was terug verwelkom. U akademiese bedrywighede moet noodwendig die meeste van u tyd in beslag neem, maar ek vertrou nietemin dat daar geen gebrek aan belangstelling by u in die sake van ons dorp sal wees nie.

Ek wil hoop dat u baie gelukkig onder ons hier sal wees. Stellenbosch is in meer as een opsig 'n unieke dorp en die aanwesigheid van die Universiteit met sy duisende studente dra ontsaglik daartoe by om aan die Eikestad hierdie besondere karakter te gee. Daarom dan ook dat ons nie net bly is nie, maar ook geëerd voel om u hier te verwelkom.

Terselfdertyd wil ek ook die talle persone wat hulle die afgelope tyd op ons dorp gevestig het, verwelkom. Ons merk hier nuwe onderwysers(esse), dosente, amptenare in diens van die Staat en van die Spoorweë en nog baie ander op. Aan almal van hulle wil ons graag 'n lang en aangename verblyf op Stellenbosch toewens.

Werksaamhede Rotariërs

Namens die Raad wil ek graag dank uitspreek tenoor die plaaslike Rotariërklub vir hul voorneme om 'n spesiale boomaanplanting te reël tydens die Uniefeesvierings. Na ek verneem is die voorneme om die diplomatieke verteenwoordigers van verskillende lande te kry om elkeen 'n boom afkomstig uit die betrokke land, te plant. Namens die Eikestad moet daar ook 'n boom geplant word — die keuse van 'n soort sal seker nie veel moeilikheid oplewer nie!

Wat die terrein betref, voel die Raad al lank dat meer aandag gegee behoort te word aan verfraaiing van Bergzichtsportgronde, en dit lyk asof so 'n keuse algemene byval sal vind.

'n Tweede projek van die Rotariërklub vir Uniefees is om 'n aantreklike wensfonteintjie te bou, met die doel om die geld wat daarin gegooi word — en miskien verskyn daar nog hier en daar 'n halfkroon tussen die pennies en trippense — vir liefdadigheid aan te wend.

Daar is nog nie finaal besluit oor 'n perseel nie, maar ek verwag dat 'n geskikte plek in oorleg met die Raad binnekort gevind sal word.

Lions en Tafelronde

Wanneer mens van die Rotariërs praat, dan dink jy ook onwillekeurig aan die baie waardevolle werk wat die twee suster-organisasies, Lions en Tafelronde, in diens van die gemeenskap lewer. Die plaaslike Lionsklub het so pas sy Oktrooi uit die hand van mnr. Sturm, wêreld-president van die organisasie ontvang. Albei hierdie liggame is besig om groot dinge te beplan en ons dorp is veel dank ook aan hulle verskuldig.

Krieketwedstryd teen Parlementêre Span

Hierdie naweek word 'n vriendskaplike krieketwedstryd tussen 'n Parlementêre span en 'n Stellenbosse elftal weer gespeel. Hierdie jaarlikse kragmeting, wat soveel jare gelede deur wyle prof. E. J. Neethling begin is, het al tradisie geword. Dit vind Saterdag heeldag op Coetzenburg plaas.

Mayor's Parlour,
26th February, 1960.

Restoration and Preservation of Historic Buildings

Elsewhere in this issue details are published regarding the lease of the Burgerhuis to the Rembrandt group of companies for a period of 20 years.

I am sure that the public will be pleased to note that the rental is fully economic, all interest and redemption charges on the loan being covered, so that in effect the restoration of the Burgerhuis is no financial burden whatsoever on the general ratepayer.

In the past criticism has been levied against organisations who undertake such restoration, and in this case the Council is one of them, on the grounds that large sums of public money are spent for which there is no return. It must be admitted that it sometimes happened that restored buildings were put to a very limited use, or even to no use at all. Even apart from financial considerations, it has been strongly felt in recent times, by bodies such as the Simon van der Stel Foundation and similar organisations overseas, that restored buildings of historical or achitectural interest should be **used** as far as practicable, as long as such use is in keeping with the atmosphere of the place. We feel sure that this will be the case with the Burgerhuis.

The Council also trusts that, on the basis described above, full public support will be forthcoming for other similar undertakings which may be undertaken in future.

Phillimore-Ives Art Gallery

Some time ago the suggestion was made that Council should investigate the possibility of obtaining paintings on loan for display in Phillimore House. It was felt that more interest would be attracted to the art gallery if the permanent collection could be augmented from time to time by collections of suitable paintings which could be obtained on loan elsewhere such as from the National Galleries in Cape Town.

I am happy to say that the negotiations in this respect have been proceeding and we have every hope of such a scheme being approved of by the Trustees of our gallery and those of the National Galleries in Cape Town. The Council is greatly indebtedted to Councillor Dr. Erika Theron, who had discus-

sions on this matter with the two trustees in England, the Honourable Claud Phillimore and Miss Bryce, during her recent visit overseas.

In the meantime I would like to draw the attention of the public and especially of the newcomers to Stellenbosch to our art gallery. It appears that there are many residents of Stellenbosch who have never paid Phillimore House a visit, and the Council would be very glad to welcome a much larger number of visitors there.

The possibility of having lectures there such as the very popular lunch-time art lectures by Dr. Von Molkte in Cape Town, will also be investigated.

Town Hall Tariffs

I am pleased to say that considerable attention has lately been given to the question of new tariffs for the lease of the Town Hall. The sub-committee which is busy on the matter has not yet submitted its recommendations, but I can disclose that in its terms of reference, Council stipulated that serious consideration should be given not only to simplification of the tariffs, but also to reductions. This is in spite of the fact that there has always been a considerable deficit in the budget as regards the Town Hall. The Council feels, however, that this is a service due to the community, and that one cannot expect the Town Hall accounts to balance.

Staff Matters

I would like to take this opportunity of congratulating four members of the Municipal staff on having been successful in recent public examinations pertaining to their work. They are Messrs. D. Mostert and A. L. Basson of the Treasury Staff, and M. S. Ferreira and M. S. Nolte of the Traffic Department. It is the policy of the Council to encourage the staff to obtain better qualifications for themselves in their spare time, and it is indeed a pleasure to be able to congratulate them on their success.

The Council was also very pleased to welcome back our Chief Traffic Officer, Mr. Pelser, this week. He has had a serious illness and been forced to take sick leave for some considerable time.

W. C. DEMPSEY.

Burgemeesterskantoor,
4 Maart 1960.

Watervoorraad

Die daaglikse waterverbruik van die dorp oor 24 uur, het tydens die ontsettende warm weer van die afgelope tyd gestyg tot meer dan 2,200,000 gelling. Ons is egter nog in die gelukkige

posisie dat genoeg water in die sisteem invloei om hierdie aanvraag die hoof te bied. Soos reeds bekendgemaak, sal die invloei van water uit die berg ook aansienlik versterk word deur die nuwe toevoerpype wat hierdie jaar gelê word.

Die aanbring van die verdere twee filters by die Idasvalleidam, waarvoor 'n lening van £5,000 opgeneem is, het intussen ook fluks gevorder, en sal na verwagting binne 'n paar weke in gebruik geneem kan word.

Hierdie aanvulling van die filtreerwerke het broodnodig geword as gevolg van die dorp se toenemende waterverbruik, aangesien die bestaande vier filters teen volgende somer nie meer genoeg water sal kan deurlaat nie.

Onaangename Reuke in Onderdorp

Die Raad het kennis geneem van die feit dat 'n baie onaangename en hinderlike reuk dikwels gedurende die afgelope week of twee voorgekom het in die omgewing van die stasie en Onder-Papegaaiberg. Hierdie reuk is nie afkomstig van die komposwerke nie — die werk is reeds 'n tyd gelede gestaak — maar wel van die afloop van die wynmakerye.

Die permanente oplossing van hierdie ernstige probleem sal gevind word in die nuwe Riool-reinigingswerke, maar intussen behoort aansienlike verligting moontlik te wees deur die toedien van die regte chemikalië. Dringende samesprekings, met behulp van tegniese raadgewers, word hierdie week met die wynmakery gehou en dit word vertrou dat die oorlas volgende week grotendeels uitgeskakel sal wees.

Nuwe Blanke Behuisingskema

Die Raad is geruime tyd reeds bewus van die ernstige tekort aan behuising vir blankes, en het besluit om 'n verdere aantal huise op die ekonomiese basis aan te bou.

Die beplanning is nog nie voltooi nie, maar daar sal waarskynlik 'n twintig of meer erwe uitgelê kan word in die omgewing van die washuis, ten ooste van die N.G. Kerk, Stellenbosch-Noord. Die uitgediende washuisgebou sal gesloop word.

'n Verdere paar huise word ook beoog by Beltana, langs Simonsbergstraat, ten ooste van Simonswyk.

Klippe en Rommel op Sypaadjies

Ek wil graag die publiek versoek om die Raad behulpsaam te wees in verband met die skoonmaak en instandhouding van sypaadjies, deur sover moontlik toe te sien dat daar geen harde voorwerpe soos klippe op die sypaadjies voor hul erwe lê nie. Klippe, stukke yster en dies meer veroorsaak nie alleen

ernstige skade aan die snymasjiene nie, maar word soms ook teen ruite geslinger.

Dit wil trouens voorkom asof die klippe en ander harde voorwerpe dikwels op die sypaadjies beland deurdat lede van die publiek nog in die gewoonte is om tuinvullis daar te stort. Sulke hope tuinvullis lyk nie alleen baie onnet nie, maar bemoeilik die werksmense se werk meer as wat miskien besef word, en indien hulle gedurig eers klippe en dies meer moet verwyder voordat hulle gras kan sny, word baie meer tyd in beslag geneem, wat op die beurt weer hoër koste vir die belastingbetalers meebring.

W. C. DEMPSEY.

Mayor's Parlour,
11th March, 1960.

1960 Loan Programme

I would like to draw the ratepayers' attention to the Council's loan proposals for 1960, which are at present being advertised. In the first instance money must be taken up to provide water, sewerage, stormwater drainage and electriticity to further sections of Dalsig, Welgelegen, Aanhou-Wen and the new Karindal subdivision. Authority will be asked for Council to take up loans totalling £56,000 for these four services. It will be noticed that with the exception of the stormwater drainage, these loans will be productive, and they are naturally essential for the development of these townships so that further erven can be made available to the public.

FROZEN PROPERTIES

It will be recalled that Blersch Street has been proclaimed the Main Road for connecting Adam Tas Street with the Strand Road across Dorp Street, and according to the standards laid down by the Provincial Administration this street will have to be 80 ft. wide. Such widening will mean that the properties on the eastern side of Blersch Street will be affected to such an extent that they will become useless for their owners, and in order to carry out the scheme Council accordingly has to buy these erven. Although the actual widening of the street, and the connection with Strand Road, will naturally still take some years to be completed, it is the Council's viewpoint that it should have the money available for negotiation with such of the private owners as are desirous of disposing of their properties from time to time. It must be noted that as a result of the proclamation of the street, the properties have in fact been "frozen" and the owners placed in the position of being unable to develop or dispose of their properties. Three owners have recently approached Council to buy their erven and,

subject to the approval of the Administrator, agreement has been reached regarding the purchase price. The loan of £22,000 for which approval is being asked, is, however, not only in respect of these three cases, but also so as to have the funds available for acquisition of the other remaining properties on the eastern side of Blersch Street. An important point regarding this item is that, as the construction of a Main Road is involved, the Provincial Administration will subsidize the interest and redemption on the loan to the extent of 80%.

PARKING AREAS

The shortage of adequate parking facilities in the central area of the town is a matter of which serious consideration has been given on many occasions, and one about which the public has also frequently aired their views. Apart from other areas which can be considered in future, the Council considers the large area enclosed by the existing Town Hall grounds, Andringa Street, Victoria Street and Van Ryneveld Street, to be the most suitable for this purpose. As is known, one property in Andringa Street has already been developed as a parking area. With the exception of the Dutch Reformed Church and the properties along Van Ryneveld Street, the Council has already demarcated the land described above for local authority purposes in the Town Planning Scheme. Approval will now be sought for a loan of £56,000 for the acquisition of the relevant Andringa and Victoria Streets properties for development as parking areas. It will be understood that it will be a lengthy process before all the properties are purchased and developed, but negotiations have to be conducted from time to time when properties are in the market, and with the lengthy procedure required to obtain loans, the Council cannot go to the ratepayers in every case as it arises. It follows that these loans as well as those mentioned above, will only be actually taken up as the need arises. This scheme furthermore does not mean that all the buildings along Andringa and Victoria Streets will be demolished in future. In all probability most of them will remain untouched, as it is only necessary to provide entrances at strategic points to the parking areas on the inside.

COMPOSTING WORKS

The last item on our programme is a matter of £6,000 for new composting works. The site of the old works is now required for the new extensions to the sewerage scheme. A new site, which is much further away from Onder-Papegaaiberg and the main road, and where sufficient space will be available for the various requirements, has been chosen. The old com-

posting works, which had in any event become very cramped for space, were closed down towards the end of last year.

The meeting of registered voters has been fixed for Tuesday evening, 12th April at 8 p.m., in the Banqueting Hall.

W. C. DEMPSEY

Kantoor van die Burgemeester,
18 Maart 1960.

1960 Werksprogram

Die werksprogram van die Ingenieursdepartement vir 1960 word hieronder uiteengesit. Die verskillende items onder die betrokke hoofde word gegee in orde van voorrang. Terwyl dit as gevolg van beperkte ruimte nie moontlik is om meer besonderhede te gee nie, sal die betrokke amptenare by die munisipale kantoor met graagte diegene wat navraag doen, behulpsaam wees.

STRATE

Van der Sterr-gebou; verbinding tussen Alexander- en Du Toitstrate; Aanhou-Wen; Dalsig; Welgelegen; Swawellaan; D. S. Bothastraat; Simonswyk; Stasieweg; Hammanshandweg; Tortelduiflaan; Kwikstertlaan; Tarentaallaan; Kerkhofpaaie; Herbou Merrimanlaan.

STORMWATER

Idasvallei-behuising; verbinding tussen Alexander- en Du Toitstrate; Aanhou-Wen; Karindal; Dalsig; Welgelegen; Andringastraat; Rustenburgweg; De Beerstraat (vir die Van der Sterr-gebou); Lindleystraat; Weberstraat; Taylorstraat; Bosmanstraat; Meulstraat na Neethlingstraat; Jonkershoekweg; Claassenstraat; Kerkhofdraai; Rattrayslaan.

WATER

8″ na Welgelegen; Dalsig intern; Welgelegen intern; 6″ na Dalsig; Dennesigstraat; 12″ Jonkershoekweg.

RIOOLWERKE

Cluverweg; Plankenbrug; Aanhou-Wen; Karindal; Dalsig; Welgelegen; Reinigingsdamme; Uitvalriool.

ANDER

Washuis; Filters; Fietsbrûe; Swartbrug; Sloop geboue te Beltana en Andringastraat; Damwal; Taxistaanplek op Braak; Parkeerterrein, Bergsig; Parkeerterrein, Andringastraat.

Hierbenewens is daar nog sulke deurlopende werke soos gruisstraatinstandhouding, herseël van strate, aansluitings, diverse verhaalbare private werk en algemene instandhouding, en dit mag gebeur dat dit onmoontlik is om die volle program hierdie jaar uit te voer.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC. 3/60—13072